**Skriflesing: Deuteronomium 8**
**Tema: In die woestynskool van die Here**

**Daar is verskeie verkeerde vrae wat ons vra en antwoorde wat ons gee wanneer dit met ons swaar gaan**
Ons vra waarom dit so swaar gaan. 'n Beter woord om te gebruik is om te vra waarnatoe dit met ons swaar gaan. Hierin is 'n geloofsbelydenis opgesluit. Ons bely dat God met ons op pad is. Baiekeer weet ons nie waarnatoe Hy op pad is nie.

Ons vra: "Waarom ek?" Dit is beter om te vra: "Waarom nie ek nie?" Alles wat ek is, is genade en dit wat ek het, is geleen. Wie is ek dat slegte goed nie met my kan gebeur nie. Ek sien nêrens in die Bybel dat die lewe op aarde net maanskyn en rose gaan wees nie. In Johannes 16 vers 33 sê Jesus: "In die wêreld sal julle dit moeilik hê…". Nie een van die dissipels het 'n maklike lewe gehad nie. Die meeste van hulle het 'n geweldadige dood gesterf omdat hulle Christene was.

Die maklikste verkeerde antwoord en rede vir swaarkry is sonde. Jy het gesondig, daarom straf God jou. In Deuteronomium 8 was die volk in die woestyn as gevolg van hulle sonde en ongehoorsaamheid. Maar intussen het Jesus aan die kruis ons sondestraf gedra. Natuurlik gaan die Here ons straf as ons volhard in sonde. As ons egter ons sondes bely, vergewe Hy dit. In die nagmaalsformulier staan daar dat Jesus Christus aan die kruis deur God verlaat was, sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie.

Die laaste ding wat ons vir mekaar moet sê, is dat daar geen maklike antwoorde is nie en dat ons op aarde nooit alles sal verstaan nie. In Jesaja 55 vers 8-9 lees ons: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes. Ons kry dieselfde waarheid ook in Romeine 11 vers 33-36.

Kom ons gaan kyk dan watter verklaring kry ons in Deuteronomium 8 waarom kinders van die Here swaarkry. Ons gaan almal deur die woestynskool van die Here waarin Hy vir ons die volgende wil leer:

**Die Here is by Sy kinders in die woestyn** (Deuteronomium 8 vers 2 - 4)
Hy is by ons in ons swaarkry. Hy voorsien in ons behoeftes. Hy is nie 'n God wat vreugde put uit die swaarkry van Sy kinders nie. Hy probeer ons nie moedeloos maak nie. Hy is nie 'n God wat breek nie, maar ons veel eerder bou en leer.

**In Sy woestynskool leer ons gehoorsaamheid.**
Die woord gehoorsaamheid kom vyf maal in die gedeelte voor. Die opskrif is dan ook: "moet die Here nie vergeet nie". In Hebreërs 5 vers 8 lees ons: "Hoewel Hy (Jesus) die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is." Hier staan dat Jesus se swaarkry Hom gehoorsaamheid geleer het. Hoeveel te meer het ek en jy dit nie nodig nie?

In ons swaarkry, blaai ons deur ons lewens se se foto-album. Die volk moet onthou wie God is wat hulle vir 40 jaar deur die woestyn gelei het. Ons terugblaai laat ons die Here onthou as die Almagtige en Alomteenwoordige. Hy is die lewende God wat inisiatief neem. Hy is die God van liefde en genade, die gans andere.

Swaarkry en hongerly leer die volk ook dat hulle nie net van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom (Deuteronomium 8 vers 3). In Jesus se woestyntyd (Matteus 4) bevestig Hy weer hoe belangrik die Woord is. In die Here se woestynskool leer ons om nie ons eie planne te maak nie, maar Sy wil uit die Bybel te leer ken. Ons leer om in gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Here te leef en op Hom alleen te vertrou.

Daar is 'n belofte aan ons gehoorsaamheid gekoppel. Die Here sal vir ons seën met die lewe in oorvloed waarvan ons lees in Johannes 10 vers 10. En ook ons is op pad na die beloofde land. Woestyntyd is ons leerskool op pad na die ewige lewe.

**Woestynskool toets my geloof.**
In Deuteronomium 8 vers 2 en 16 lees ons dat Hy ons laat swaarkry om ons op die proef te stel.

Hierdie waarheid word in 1 Petrus 1 vers 6-7 bevestig:
"[6]Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings [7]sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus."
Met ander woorde: die egtheid van my en jou geloof moet getoets word sodat almal sal praat oor watter mooi voorbeeld van geloof ons gestel het.

**Woestynskool hou my nederig.**
Wanneer ek, soos 'n tweejarige, dink dat ek alle dinge self kan doen, kry ek grootkop. En dit veroorsaak geheueverlies. Ek vergeet van die Here en dat ek in alles van Hom afhanklik is.

Swaarkry leer my die gebed van die Spreukedigter in Spreuke 30 vers 7-9 bid: "[7]Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf:
[8]moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het,
[9]sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie."
Swaarkry laat my onthou dat ek klein is en die Here groot. Dit is Hy wat sy volk uit slawerny bevry. Dit is Hy wat hulle laat trek deur 'n groot en gevaarlike woestyn. Hy laat water uit 'n rots kom en voorsien hulle van manna om te eet. Hoe kleiner EK is, hoe meer plek is daar vir die Here in my lewe.

In 2 Korintiërs 12 vers 8-10 leer Paulus meer hiervan in die Here se woestynskool: "[8]Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. [9]Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. [10]Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk."

**Woestynskool is die leer van dissipline.** (Deuteronomium 8 vers 5)

In Openbaring 3 vers 19 sê die Here: "Ek bestraf en tug (wat beteken om in liefde nader te trek) elkeen wat ek liefhet. Laat dit dan julle erns wees en bekeer julle. Hierdie waarheid word in Hebreërs 12 vers 4-13 bevestig.

**Woestynskool maak my dankbaar.**
"Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het." (Deuteronomium 8 vers 10)

Vanuit nood groei dankbaarheid vir wat die Here vir ons gee en doen. Ons dankbaarheid word sigbaar en hoorbaar in bekering, gehoorsaamheid aan Sy wet van liefde en in gebed.

Woestyntye in 'n kind van die Here se lewe is die leerskool van God. Hy is by ons in ons swaarkry. In Sy woestynskool is daar nie vakke wat ek kan opskop of wissel soos wat dit my pas nie. Woestynskool is die tyd waarin Hy my geloof vorm en toets sodat dit lof, heerlikheid en eer waardig mag wees by Sy wederkoms.

**Amen**